Dit is amper ongelooflik dat 40 jaar al verby is sedert ons in 1985 die skool verlaat het!

Die lewe sedertdien was ’n ware avontuur! Ná skool het ek by Tukkies gaan swot om ‘n Opvoedkundige Sielkundige te word, maar moes eers my onderwysgraad klaarmaak om tot daar te kom. Na my studies het ek myself toe begewe in menslike hulpbronne en vandag is ek die Hoof van Menslike Hulpbronne in die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging. Dit klink baie ernstig (en soms ís dit), maar in wese gaan my werk oor mense — om hulle te help groei, hulle deur uitdagings te lei en soms ’n krisis met ’n glimlag te hanteer.

Op persoonlike vlak het ek en Pierre in 1990 getrou, en saam het ons 'n gesin gebou wat my grootste bron van vreugde is. Ons is geseën met 2 wonderlike kinders – Petrumarié en Hendrhé. Die een in bemarking en sosiale media in Kaapstad en die ander 'n boer in murg en been in Delmas. Ons woon tans in Sable Hills Waterfront Estate langs die Roodeplaatdam in Pretoria na ons sowat 10 jaar op die plaas in die Dinokeng Reservaat gebly het. Terug stad toe getrek, want die leeus het ons afgeskrik en ons is buitemense. Die kinders moes ook nader aan die skool en Universiteit. Ek is nog altyd maar hier rond en bly tussen die kameelperde, bokke en vlakvarke. Elke dag 'n avontuur – wilde diere, familie en vriende trap amper elke dag spore op ons erf en in die huis. En moet asseblief nie van Flippie vergeet nie! Hy volg my oral en "praat" en verstaan dinge nes 'n mens.

Ons het ‘n baie vol lewe en program.  As dit nie met blomme is agv Pierre se passie nie, onthaal ons graag (waarvan eet baie belangrik is 😊), bak en doen ek so af en toe naaldwerk en gaan op kampavonture deur die land.  Ons is niks bang vir lang afstande ry nie en doen sloertoere waarvan die volgende een in Oktober Wes-Kaap toe is met die boswa.

Wanneer ek terugkyk oor vier dekades, was dit ’n reis van harde werk, baie lesse, lag en kosbare herinneringe. Wat die meeste uitstaan, is die mense saam met wie ek dit alles gedeel het — van klasmaats tot kollegas, vriende en familie. Ek sien vreeslik uit na hierdie reünie, nie net om herinneringe te deel nie, maar ook om te vier waar ons almal in die lewe is en natuurlik om saam te lag oor hoe jonk ons nog voel (selfs al sê die spieël soms anders!).







Mariénne Jacobs (Fourie)